# KOERSVAS

Jaargang 9 Uitgawe 185 11 Desember 2020






In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings


## REDAKSIONEEL

### Merk van die dier of net ergernis

Ons sien andermaal dat Covid-19 ons lewe en denke vir nog lank gaan impakteer. Daar is twee aktiewe benaderings tot die saak wat bietjie ondersoek gaan word in hierdie redaksioneel. Daar is diegene wat alles glo en hulle lewens orden volgens die siekte en die regulasies wat deur die owerhede aangekondig word. Daarteenoor is diegene wat die hele situasie met wantroue bejeën en in opstand is teen selfs die mees basiese regulasies en reëlings.

Die jurie sal in terugskoue die finale woord kan spreek aangaande die siekte, die mense se reaksie daarop en die korrekte manier waarop dit hanteer moes word. Die onderlinge meningsverskille van mediese kenners laat dit deurskemer dat die goeie gebalanseerde reaksie buite ons bereik is. Die keuse tussen oorlewing en lewe is kompleks.

Die impak van die siekte was direk op diegene wat vatbaar was vir die skadelike sy van hierdie spesifieke *Corona* virus. Daar was baie mense ernstig siek en ongelukkig ook heelwat fatale infeksies. Die virus het veral onder die brose- en die bejaarde mense gemaai.

Diegene wat geliefdes as gevolg van die siekte aan die dood afgestaan het, het ons troos en simpatie nodig.

Aan die ander kant is daar diegene wat a-simptomaties is en geen teken van siekte getoon het nie. Dit is veral die jonger garde vir wie dit blyk net nog 'n griep te wees. Talle mense het net ligte simptome getoon en daar is diegene wat "weet" hulle het dit gehad omdat hulle positief toets vir die teenliggaampies wat die menslike liggaam maak.

Die impak van die pandemie kan nie onderskat word nie. Die owerhede se reaksie het direk daartoe gelei dat ons ekonomie ernstige skade gely het. Die sosiale skade kan nooit ten volle bereken word nie. Die skade aan menslike verhoudings kan maar net geraai word. Die interne pyn van enkelinge het gelei tot die uiterste van reaksies. Die getal selfmoorde het aanduibaar gestyg. Die negatiewe impak op die onderwysing van ons kinders gaan jare, indien nie dekades nie, neem om in ewewig herstel te word. Daar is baie gemeentes wat hulle deure vir altyd moes toemaak. Die hantering van hierdie pandemie het skade aangerig op soveel vlakke dat herstel dalk nooit sal kan plaasvind nie.

Dit was nie net in ons land waar dit so negatief impakteer het nie. Internasionaal word talle hartseer stories gedeel van verlies en pyn. Daar is lande in Afrika wat 'n groot deel van die skade gespaar is. Navorsing sal later hierdie verskynsel bevredigend verklaar.

Die owerhede se hantering van die pandemie (oral) maak dat baie mense praat van 'n plandemie. Aanvanklik was die voorwendsel immers vir die inperking van beweging en aktiwiteite dat die kurwe van infeksies afgeplat moes word om hospitale die geleentheid te gee om voor te berei vir nuwe gevalle en seker te maak dat die mediese sektor die gevalle kan hanteer. Binne hierdie inperking was daar vele lukraak maatreëls wat medies-wetenskaplik nie sin maak nie. Die ramptoestand is onlangs weer verleng tot middel Januarie 2021. Met reg kan gevra word na die motivering wat hierdie besluit aandryf. Steeds is daar maatreëls wat geen sin maak nie, elke sektor kan die spasie met eie voorbeelde van malle reëlings invul (*male fidei*?).

Die vinnige ontwikkeling van 'n entstof kan aan die een kant verwelkom word as 'n goeie uitkoms. Die eerste vraag is dan natuurlik na die administratiewe rompslomp wat in die verlede vinnige mediese oplossings terug gehou het. Daar is net te veel inmenging van owerheidsweë bekend en dit is die bevolking wat telkens die prys moet betaal.

Uit hierdie duidelike inmenging deur die owerhede blyk ook die dieperliggende vraag: Kan ons hierdie entstof vertrou? Dit is nie 'n vraag net na die effektiwiteit van die entstof nie. Dit vra ook na die motiewe agter die entstof en die metodologie wat gebruik is in die ontwikkeling van die entstof.

Wat betref die ontwikkeling van die entstof word verwys na die gebruik van menslike embrios wat volgens wetenskaplike artikels ge-oes is tydens aborsies. Deursigtigheid ten opsigte van die ontwikkeling van die entstof deur die mediese wetenskaplikes sal in hierdie geval verwelkom word. Die mediese veld is ekonomies 'n kompeterende veld en dit is te verstane dat navorsers nie geheime wil uitlap wat miljoene dollar se verliese kan beteken nie. Vir die bruikbaarheid en die vertroue van die publiek, moet hier dalk 'n uitsondering gemaak word.

Die gerugte doen die rondte dat almal verplig gaan word om deel te neem aan die inenting. Daar word verwys na inenting as voorwaarde tot toelating om aan ekonomiese aktiwiteite deel te neem en internasionaal te reis. Dit is tog sinloos teenoor die wat reeds die siekte gehad het en aanduibare teenliggaampies in hulle sisteme het. Daarmee saam ontneem dit mense die keuse om nie deel te neem nie, wat ookal hulle redes mag wees. Verpligte inenting neem ook nie die sogenaamde trop-immuniteit in ag nie. Dit is ook olie op die vuur van mense wat floreer op sameswerinsteorieë.

Daar word onder andere verwys na Bill Gates en sy ideologiese standpunte. Hy is op rekord dat hy mense wil beheer en dat hy die wêreld se bevolking drasties wil verminder. Daar word beweer dat daar mikro merkers of soortgelyke klandestiene elemente in die entstof ingebou is. Die entstof word selfs in verband gebring met die merk van die dier waarvan ons lees in Openbaring. Opmerklik word daar nie veel van 'n bewyslas op hierdie bewerings geplaas nie en mense stroom goedgelowig aan agter hierdie komplot beweerders.

Ons het diegene wat goedgelowig die owerhede se elke regulasie getrou volg en ons het die wat rebelle volg, dit is nou die rebelle wat agter elke entstof 'n merk van die dier sien. Beide benaderings is ewe gevaarlik.
Ons sal met sorg ons navorsing moet gaan doen, ons sal ons huiswerk moet doen; na elkeen se voorstelle moet luister. Diskriminasie tussen reg en verkeerd is noodsaaklik. Dit is meer as ons gesondheid wat op die spel is. Dit is ons vryheid as mense wat deur magsvrate ingeperk kan word.
In die tussentyd moet ons verantwoordelik optree. Hande was is ons van kindsbeen af geleer. Fisiese afstand (sogenaamde sosiale afstand) van iemand wat siek is, is gerade. Om jouself te onttrek van ander wanneer jy self siek is, is die verantwoordelike keuse om te maak. Wees versigtig in en om die brose lede van die gemeenskap. Dit beteken nie dat ons skielik in vrees moet lewe nie.
Bo alles moet ons met mekaar geduld hê. Elkeen het 'n blik op 'n deel van die waarheid. Om ongedurig met mekaar te wees, is om in eie wysheid die self te wil regverdig. Kom ons wees ook versigtig in ons optrede teenoor mekaar en oordeelkundig in ons interaksie met owerhede.
Kom ons vier Kersfees met vreugde, te midde van die aanslae wat jaarliks groei en verword.


## .BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### GELOFTEDAG

Daar word weer wyd hierdie jaar geloftefees gehou. Dit is veral die platteland wat vir ons die voorbeeld stel. Kom ons maak seker dat ons een so 'n fees bywoon.

### KOMMENTAAR OP DIE NGB


Die kommentaar op die Nederlandse Geloofsbelydenis wat in Die Skietlood verskyn het, is verwerk en in 'n boek saamgestel. Hierdie publikasie is nou beskikbaar @R240 per boek. WhatsApp Yvette 072-223-7522




### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk
  ella@teamworkprinters.com


DIE NEDERLANDSE
GELOOFSBELYDENIS
FOEDERATUM BELGIUM
ORTHODOXUM;
CONFESSIONIS
ECCLESIARUM BELGI-
CARUM
EXEGESIS.
AUTHORE
SAMUELE MARESIO
GRONINGÆ,
Apud JOANNEM NICOLAUM,
Anno CIϽ IϽCLII.
TEOLOGIESE BAKERMAT VAN DIE
REFORMASIE: 'N KOMMENTAAR
Dr JOHAN OTTO